Sing vooraf staande: Ps 15:1, 5 (p. 57)

1 Wie styg so hoog in heil en eer, dat hy met U, die grote Koning,
met U, die allerhoogste HEER, / kan op u heil'ge berg verkeer / en intrek in u heil'ge woning?

5 Dié wat geen hoop op roof wil stel / en woekerwinste nie begeer nie,
geen omkoopgeld hom af laat tel / om wie onskuldig is, te kwel – / hy sal nie wankel immermeer nie.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Psalm 107:1, 3 (p. 533)

1 Loof God, omdat Hy goed is, / en goed is sonder end!
Meld dit, al wie behoed is, / verlos is uit ellend;
wat God uit elke land / in vryheid weer herstel het,
vry van die slaweband, / waarmee hul hom geknel het.

3 Hy het hul matte skrede / gelei op regte baan
om tot bewoonde stede / met blydskap in te gaan.
Laat hul Hom dank bewys / vir redding wat so soet is,
Hom voor die mense prys, / omdat Hy groot en goed is.

Gebed

Psalm 62:4, 7 (p. 302)

4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe͡en lot, / wat nooit sy woord ontrou sal wees nie.
God is my rots, 'n skans vir my, / Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

7 Vertrou nie op geroofde geld, / tirannemag of handgeweld, / of op die vastheid van jou gang nie.
As rykdom jou sy vreug berei, / jou met sy skynsel wil verlei, / laat dan jou hart nie daaraan hang nie.

Skriflesing: Lukas 19:1-27; Heidelbergse Kategismus, Sondag 42:110

Kernvers: Lukas 19:8-9a
Maar Saggeus het opgestaan en vir die Here gesê: "Here, ek gaan die helfte van my goed vir die armes gee, en waar ek iets van iemand afgepers het, gee ek dit vierdubbel terug."
Daarop sê Jesus: "Vandag het daar redding vir hierdie huis gekom;"
(Lukas 19:8-9a AFR1983)

Heidelbergse Kategismus

Vraag 110: Wat verbied God in die agste gebod?

Antwoord: God verbied nie slegs dié diefstal (a) en roof (b) wat die owerheid straf nie, maar Hy beskou ook as diefstal al die skelmstreke en liste waardeur ons probeer om ons naaste se besittings in die hande te kry (c). Dit kan gebeur deur geweld of 'n skyn van reg, soos deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere (d), geld, deur woeker (e) of enige middel wat God verbied. Hy verbied ook alle gierigheid (f) en alle misbruik en verkwisting van sy gawes (g).
(a) 1 Kor 6:10. (b) 1 Kor 5:10; Jes 33:1. (c) Luk 3:14; 1 Tess 4:6. (d) Spr 11:1; 16:11; Eseg 45:9, 10; Deut 25:13. (e) Ps 15:5; Luk 6:35. (f) 1 Kor 6:10. (g) Spr 23:20, 21; 21:20.

Tema: Uit dankbaarheid leef ek met my besittings as God se rentmeester

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, met die agste gebod tree die Here ons God vierkantig met sy Woord binne-in ons alledaagse lewe in. Met hierdie gebod praat Hy met ons oor dit waarmee ons elke dag besig is – ons besittings, ons geld, ons werk. Wanneer ons dit hoor, dink ons ongetwyfeld aan ons bankrekenings, oortrokke of gesond, en aan ons inkomstebelasting. Ons kom in aanraking met die breë ekonomiese wêreld met sy talle vraagstukke van vraag en aanbod, werkloosheid en hongersnood, aandrang op produktiwiteit, en stakings.

En nou moet ons nie dink dat die agste gebod niks oor hierdie dinge sê nie. Die Here het oor alles iets te sê, want alles behoort aan Hom. Alles wat God geskep het, is sy eiendom. Hy is die absolute Eienaar daarvan en Hy oefen onbeperkte gesag daaroor uit. Maar dit het God behaag om die aarde en alles daarop onder die bestuur van die mens te plaas. Aan sommige mense het Hy meer gegee as aan andere om te bestuur, soos wat Hy besluit het om dit uit te deel. En die opdrag aan die mens: Hy moet die eiendom van God bestuur wat die Here aan hom toevertrou het. Of dit nou baie is of min, die verant-woordelikheid is vir almal dieselfde.

In die gelykenis wat ons saam gelees het, vertel Jesus dat aan al tien die slawe een goue muntstuk gegee is. Die muntstukke het steeds aan die adellike man behoort wat dit aan hulle toevertrou het, maar hulle moes die bestuurders, die rentmeesters daaroor wees. ’n Bestuurder moet die goedere, in hierdie geval die geld, so bestuur dat die eienaar daarvan voordeel daaruit kan trek. Die bestuurder moet die eienaar van die eiendom verryk. Aangesien die eienaar steeds die muntstukke besit het, moes die slawe dan by sy terugkoms verslag doen van hulle doen en late.

Soos wat die Here Jesus in hierdie gelykenis vertel het, so het God die mens as rentmeester oor sy besittings aangestel. Adam en Eva het die opdrag gekry om die tuin van Eden te bewaar en te bewerk.

Maar soos ons almal nou al weet: Sedert die tyd van Adam en Eva in die paradys het die mensdom in ’n jammerlike staat van sonde en ellende geval. En toe die mens hom eers van die heilige en volmaakte verhouding met God beroof het, het hy in sy hele lewe bedorwe geraak. Die mens is nie meer tevrede om net ’n rentmeester te wees nie, hy wil nou ’n volwaardige eienaar wees. Die mens sien nie meer sy goedere as die eiendom van God nie maar as sy persoonlike eiendom. En uiteindelik het die aardse goedere vir baie mense hulle god geword.

In plaas daarvan om die hoë status te handhaaf waar die mense kinders van God en rentmeesters van sy eiendom is en uit sy hand uit leef, het die mens met sy slimmigheid en opstandigheid homself van alles beroof. Die mens het so ver geval dat hy kind van Mammon geword het. En dit maak nie saak of sy optrede nou mooi of lelik, geoorloof of ongeoorloof is nie, die mens sal dit gebruik om homself te verryk en sy offers aan die geldhonger Mammon te bring.

Dit was die geval met Saggeüs, geliefdes. Deur sy eie sonde het hy in ’n versteurde verhouding tot sy aardse besittings gekom. Aan die voete van Mammon het hy neergevel gelê, daarom het hy mense en selfs sy eie volksgenote besteel en afgepers onder die skyn van reg. As tollenaar is hy deur die Romeinse regering aangestel om in Jerigo die belasting vir die staatkoffers in te samel.

Maar soos baie ander tollenaars het Saggeüs ook meer belasting ingevorder as wat geregverdig was. En die mense het maar gegee, want hy is immers ’n staatsamptenaar. As hulle nie wou gee nie, het hy hulle op ’n slinkse manier afgepers om te gee wat hy gevra het. So het hy nie net die mense besteel nie, maar ook die staat. Want dit wat hy meer ingevorder het as wat geregverdig was, het hy vir homself gehou. Hy het sy sakke behoorlik volgemaak, want ons hoor dat hy ’n ryk man was.

Ons almal sal saamstem dat die wyse waarop Saggeüs as tollenaar te werk gegaan het, nie reg was nie. Hy het homself ten koste van ander mense verryk en onder die vaandel van die Romeinse regering sy eie geldhonger gestil. Dit is darem vreeslik om so aan te gaan oor geld.

Maar broers, susters en kinders, ons God verbied in die agste gebod nie net sulke vreeslike dinge nie. **God verbied nie net die diefstal en roof wat deur die owerheid gestraf word nie**. Nie net die mense wat vee steel, transitorooftogte uitvoer, en huisbraak en diefstal pleeg en daarvoor in die tronk beland, het die agste gebod oortree nie. Die Here beoordeel ons nie net aan die hand van ons dade nie. Hy sien ons gedagtes en hartsbegeertes raak. Daarom verbied Hy in die agste gebod ook **die skelmstreke en liste waarmee ons ons naaste se besittings in die hande probeer kry**. Ook daardie geld en goedere wat mense, selfs gelowige mense, wederregtelik bekom en ander mense niks van weet nie, word deur God beskou as diefstal.

Van God kan ons niks wegsteek nie. Hy ken ons deur en deur. En om ons te lei op die weg van ware rentmeesterskap waarin ons dankbaarheid duidelik is, gaan ons aan die hand van Sondag 42 let op hoe God wil hê dat ons ons aardse goedere moet verwerf en hoe ons dit moet gebruik.

Die wyse waarop ons aardse goedere verkry, is óf reg óf verkeerd. Daar is nie ’n grys gebied tussen reg en verkeerd nie. Die verkeerde maniere om aardse goedere te verkry, bely ons in die eerste vraag en antwoord van Sondag 42, is die maniere wat God self verbied. En die eerste verkeerde manier wat ’n mens voor oë kom, is diefstal.

Diefstal neem verskillende vorme aan. Dit kan in die geheim, openlik of met geweld gebeur. Die meeste mense, ook gelowiges moet ons erken en bely, pleeg diefstal in die geheim. Dit gebeur **deur die vervalsing van gewigte, lengtemaat, inhoudsmaat, goedere en geld**. Geliefdes, nou moet ons nie te vinnig sê: Maar ons het nog nooit in die geheim of openlik gesteel nie.

Kom ons bring die saak af tot op grondvlak, hier waar ons elke dag werk en leef. Baie mense murmureer oor die arbeidswetgewing wat deur die regering van die dag goedgekeur is. Maar broers, susters en kinders, ons moenie uitsluitlik bekommerd wees oor die wetgewing wat die regering toepas nie. Ons as gelowiges moet in die eerste plek, as ons bekommerd wil wees, ons oor die wetgewing bekommer wat ons hemelse Vader vir ons gegee het. Onthou, ons probeer glad nie om mekaar te veroordeel nie; ons luister saam na die Woord van God. Die Here self beoordeel ons optrede. En voor God moet ons elkeen eerlik en opreg kan sê of ons die werkers in ons besighede en in ons huise hulle regverdige loon gee terwyl ons weet hoe hoog die lewenskoste is. Of betaal ons maar ’n hongerloon, want ons geldsakke moet eerder voller as leër word.

Maar ons besteel nie net mense nie. In die geheim besteel ons God op verskeie maniere en van verskeie goed wat aan Hom behoort. Ons wat as blote rentmeesters aangestel is, besteel God van sake en dinge wat Hy aan ons sorg toevertrou het. Ons besteel Hom van sy tyd as ons vir baie dinge tyd het maar nie tyd het om Sondae in sy eredienste te wees nie. Of as ons die hele dag God se tyd wat ons gehad het so vir ons eie dinge gebruik het dat ons te moeg is om Hom in ’n Bybelstudie of huisgodsdiens te dien. Ons besteel God van sy kinders as ons die verbondskinders wat Hy aan ons toevertrou het nie opvoed dat hulle kan leer om Hom in alles – dit sluit die erediens in – te dien en te eer nie. Geliefdes, dit klink hard en kwaai, maar elkeen van ons staan voor God oop en bloot. Hy sien nie net ons dade raak nie, maar ook elke gedagte waarin ons Hom heimlik bedrieg, is aan Hom goed bekend.

Naas diefstal is daar ook nog onder andere woekerwins, dobbelary en misleidende advertensies wat verkeerde maniere is om aardse goedere te verkry. Woekerwins is buitensporige en ongeoorloofde wins wat gemaak word op goedere wat aangekoop en weer verkoop word. Sulke soort wins word

gewoonlik aangetref waar die nood of onervarenheid van ’n mens uitgebuit word om jouself meer toe te eien as wat deur die landswette of deur God geregverdig is.

In dobbelary word die vertroue van God afgetrek en op die geluksgodin geplaas. ’n Dobbelaar vertrou die geluk om van hom ’n ryk mens te maak en mettertyd word die geluk sy god, want hy raak verslaaf aan dobbel. En in die tussentyd loop die wenner van die dobbelspel met jou geld weg waarvoor hy nie gewerk het nie, maar eintlik met jou instemming gesteel het. Nie eers ’n speeldobbelary kan voor die Here goedgepraat word nie. In enige dobbelspel is dit nie Christelike liefde wat heers nie, maar die hebsugtige geaardheid van die sondige mens. Hierby kan ons sonder skroom ook die Lotto byvoeg. Ons kan dit maar probeer goedpraat soos ons wil, dit bly steeds ’n vertroue op geluk en uiteraard diefstal.

Ook by die verkoop van ons goedere en die adverteer daarvan staan ons onder die alsiende oë van God. Ons mag nie ons goedere aanprys vir wat hulle nie werd is nie. As gelowiges moet ons altyd eerlik en regverdig wees. Om ’n wins op jou goedere te maak is regverdig voor die Here. Geen besigheid of boerdery kan bly voortbestaan sonder ’n wins nie. Maar dan mag dit nie woekerwins of wins as gevolg van leuenagtige reklame wees nie.

Geliefdes, wins en rente kan ’n regverdige manier van inkomste wees, maar dan alleen as dit verbind is met ons arbeid. Met getroue en harde werk in die roeping waar God ons gestel het, moet ons ons inkomste verkry. Sodoende kan ons vir ons gesinne sorg en nog oorhê om aan dié in nood te gee. Maar dan moet die doel van hierdie werk suiwer gesien word. Die doel van harde en getroue werk is nie uitsluitlik om ’n goeie inkomste te hê en in die lewe vooruit te gaan nie – hoewel dit ook belangrik is – maar die doel is in die eerste plek om diensbaar aan God en ons naaste te wees. Ons werk immers met die krag wat die Here as gawe aan ons toevertrou het om ook daaroor rentmeesters te wees.

Dit wil sê, geliefdes, as ons op ’n eerlike manier ons inkomste verkry, soos die Here ons in sy Woord aansê om te doen is dit reg en goed. En as die Here ons seën om uit ons inkomste wat ons so verkry ryk te word, erken ons dit is genade van die Here wat Hy in oorvloed oor ons uitgiet. Jesus het nie Saggeüs se werk as tollenaar veroordeel nie, maar die wyse waarop Saggeüs te werk gegaan het om ryk te word, het Saggeüs self geweet, laat hom veroordeeld voor die Here staan.
Maar dit is nie net deur die verkryging van aardse goedere wat ons die agste gebod kan nakom of oortree nie. Ook die manier waarop ons die goedere gebruik wat aan ons as rentmeesters toevertrou is, kan reg of verkeerd wees. Ons bely immers dat God **alle gierigheid en alle misbruik en verkwisting van sy gawes verbied**.

’n Gierigaard is iemand wat aardse goedere verkeerd besit en gebruik. Hy vergeet dat hy ’n rentmeester is, want hy wil vir homself net meer en meer bymekaarmaak. Hy wil nie die goedere in sy sorg bestuur nie maar vir God as Eienaar daarvan verwerp en self eienaar wees. Vir so ’n mens draai alles om geld en die besit daarvan. Mammon het sy god geword. En in werklikheid besit hy nie sy goedere nie – sy goedere besit hom.

Die gierigaard kan nie die beeld van God vertoon nie. God is ’n gewende God. Hy gee mildelik en in oorvloed en hou niks terug van dit wat ons nodig het nie. In plaas daarvan dat die gierige mens ook hierin die beeld van God vertoon deur te gee, palm hy net in. Die Spreukedigter noem so ’n mens ’n bloedsuier. Hy kry nooit genoeg nie. En die verskriklike van so ’n mens, sê Paulus aan Timoteus, is dat hy later **van die geloof afdwaal en daardeur baie ellende vir hom op die hals haal** (1 Tim 6:10).

Broers, susters en kinders, ons weet dit is verkeerd in die oë van die Here om gierig te wees. Ons ken immers die Skrif. Maar die kerk van die Here moet oppas om nie gierig te raak nie. Dit kan so

maklik gebeur wanneer die kerk sy ore doof hou en sy oë blind vir elke roepkreet uit nood wat die kerkraad op sy tafel kry. Ons bedoel miskien nie altyd om gierig te wees wanneer ons sê ons ontvang eerder as om te gee nie. Maar wanneer ons aanhoudend so sê, leef ons later wat ons sê, en dan leef ons gierig. Onthou, van ons sal rekenskap ge-eis word voor die regterstoel van Christus. En mag die dag nooit aanbreek dat die Here Jesus Christus ooit vir sy kerk moet sê: Ek was honger, en jy het My nie iets gegee om te eet nie.

Maar nou wil die Here ook nie hê ons moet onvoorwaardelik bly uitdeel totdat ons arm is nie. Die kerk in Jerusalem het hulleself verarm met hulle blindelingse uitdelery. Ons bely verder ook dat God **alle misbruik en verkwisting van sy gawes verbied**.

Iemand wat die gawes wat die Here in sy sorg geplaas het, verkwis en misbruik, wil ook nie ’n rentmeester wees nie. Teenoor misbruik en verkwisting is Jesus self vir ons ’n voorbeeld. Nadat Hy die mense met die brood en visse gevoed het, het Hy sy dissipels gestuur om al die kos wat oorgebly het op te tel. Met die gawes wat die Vader gegee het, mag nie gemors word nie. Daarom moet daar by die Christen mededeelsaamheid wees in plaas van gierigheid, en spaarsaamheid in plaas van verkwisting.

Om ons goedere dan op die regte manier te gebruik, is die liefdeswet vir ons gegee as riglyn. Ten eerste moet ons God liefhê. Ook met die wyse waarop ek my geld en ander aardse goedere gebruik, moet ek die Here eer en dien. Dien Hom met die volle offergawe wat Hom toekom en nie met wat ons meen ons vir Hom kan afknyp nie. Laat ons die Here nie in ons offers bedrieg en beroof nie.

Ten tweede moet ons ons naaste liefhê. Die liefde begin in ons eie huise. Gebruik jou aardse besittings om jouself en jou gesin te versorg en te onderhou. Gebruik dit om diegene wat in nood verkeer te help sodat hulle ook die liefde wat die Here in ons uitgestort het, kan raaksien en Hom daarvoor kan eer en dien. Gebruik jou aardse besittings om aan die owerheid te gee sodat hy sy roeping kan vervul. In kort: Betaal die belasting wat die owerheid van jou verhaal sodat die kerk ’n rustige omgewing kan hê waarin sy haar werk as bruid van Christus kan doen.

Geliefdes, God is die gewende God. Hy het aan ons sy Seun gegee, sy enigste Seun, om ons uit ons nood en ellende te verlos. Hy het sy Gees voluit aan ons gegee sodat ons regtig as verloste mense kan leef. En die betekenis van Christus se verlossing aan die kruis is dat ons weer in die regte verhouding tot ons aardse goedere staan. Saggeüs het deur die genadewerk van die Gees in sy hart besef dat hy maar net ’n rentmeester is. Daarom het hy dadelik dit wat Christus vir hom beteken het, met sy dade bewys deur terug te gee wat hy gesteel en afgepers het. Vir hom en sy huis het daar toe redding gekom.

Ons bely dat ons gered is en kinders van Abraham is omdat ons in God glo. Mag die Gees ons ook voortaan so lei om uit dankbaarheid met ons dade en woorde te bewys dat ons rentmeesters is van alles wat God aan ons toevertrou het.

Amen!

Slotgebed

Skrifberyming 9-1:9, 10, 11 (26:9, 10, 11)

9 Laat nooit jou voet die weg betree nie / van hom wat roof nog diefstal vrees.
Jy mag geen vals getuig’nis gee nie, / maar laat jou woorde waarheid wees.

10 Daar mag nooit in jou hart meer kom nie / die minste lus teen Gods gebod.
Maar wie se mond sal nie verstom nie / as U beveel, o heil’ge God!

11 Ons het, o HEER, u wet weerstrewe, / genade͡is al waar ons op pleit;
gee ons in Christus nuwe lewe, / om dit te doen uit dankbaarheid.

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

Amen.

Ds Coenraad Vrey
Gereformeerde Kerk Bellville
29 Januarie 2012